

Dié inkomste nou ook in eis se visier

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Die wetlike beskerming van jou lewende annuïteit (pensioen) teen 'n eis ingevolge die huweliksaanwasbedeling is onder druk ná 'n beslissing deur die appèlhof verlede week.

Lesers sal onthou dat ek vroeër vanjaar hier geskryf het dat 'n lewende annuïteit nie in jou boedel val nie en dus nie in aanmerking kom vir die berekening van 'n aanwas-eis by egskedding (of dood) nie. Ek het onder meer verwys na die saak M vs. M in die hooggeregshof in Johannesburg as staving van my standpunt.

Die saak is intussen op appèl geneem en verlede week het die appèlhof anders beslis. Die waarde van die toekomstige inkomstestroom uit 'n lewende annuïteit val in 'n persoon se boedel en kan daarom in aanmerking geneem word vir die berekening van die aanwas.

Die saak is hierna terugverwys na die oorspronklike hof vir die aanhoor van getuïenis oor hoe om die waarde te bereken.

Vanuit 'n boedelbeplanningsoogpunt krap dit dinge ietwat deurmekaar, hoewel ek met die beginsel self baie gemaklik is, met respek gesê.

Die vraag is, wat nou vir mense wat ingevolge die aanwasbedeling getroud is, of op troue staan?

Kortliks eers die wet. Art. 37A van die Pensioenfondswet (24 van 1956) sê onder meer dat 'n lid se pensioenvoordele (ingesluit 'n annuïteit wat by 'n versekeraar aangekoop is) nie mag verminder, oorgedra of andersins gesedeer, verpand of met 'n verband beswaar word of op beslag gelê word en so meer nie. Daar is uitsonderings

ten opsigte van eise ingevolge die Inkomstebelastingwet (58 van 1962) en die Wet op Onderhoud (99 van 1998).

As ek die appèlhof-uitspraak reg lees, verander niks hieraan nie. Wat die hof sê, na my oordeel, is dat daar 'n som gemaak moet word om by 'n huidige waarde uit te kom van die toekomstige inkomstestroom. Die bedrag só verkry word dan geag in die persoon (annuïtant) se boedel te val vir die berekening van die aanwas-eis.

Lesers sal onthou dat die aanwas-eis bereken word deur die verskil in die netto groei tussen die twee boedels by huweliksbeëindiging, hetsy deur egskedding of dood, gelykop te deel. Wat nou bygevoeg kan word, is die huidige waarde van die toekomstige inkomste uit 'n lewende annuïteit. En natuurlik sal dit albei partye geld.

Die eis self hoef nie vergoed te word uit die lewende annuïteit nie; dit kan op ander maniere gedoen word ook. Dit gaan oor die waarde van die eis, nie die kontant nie. As hy byvoorbeeld sy strandhuis gee, is dit reg so.

Hoe presies die berekening gedoen gaan word, kan ek my nie voorstel nie. Daar sal aannames gemaak moet word by gebrek aan wetlike rigting-wysers, soos wat die geval is met byvoorbeeld vruggebruik-berekeninge aan 'n gade.

Die probleem met lewende annuïteite is dat jy tussen 2,5% en 17,5% pensioen per jaar kan trek. Op watter een grond jy jou berekeninge? Lewende annuïteite is ook gekoppel aan groei in die mark - een jaar kan jy goed vaar en die ander vrot.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**